

'n ANALISE VAN DIE LIKIDITEIT VAN MAATSKAPPE WAT OP  
DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS GENOTEER IS ONDER  
DIE AFDELING SKOEISEL EN LEER.

deur

A. VAN WYK DU PLESSIS

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan  
die vereistes vir die graad

MAGISTER BEDRYFSADMINISTRASIE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

LEIER: MNR D.G. GOUWS

Vanderbijlpark  
1979

## BEDANKINGS

*Dit is vir my 'n voorreg om dank en erkenning te betuig teenoor almal wat direk meegehelp het om hierdie studie moontlik te maak.*

*Aan my leier, mnr D.G. Gouws my opregte dank en waardering vir sy bekwame leiding en kosbare tyd wat hy opgeoffer het.*

*Aan my vrou en kinders vir hulle liefdevolle aanmoediging en ondersteuning gedurende die afgelope studiejare my opregte dank. Graag dra ek hierdie werk aan hulle op.*

*My dank aan my ouers wat my aangemoedig en ondersteun het in my vroeëre studies.*

*My dank aan die kantoor van die Registrateur van Maatskappye vir die verskaffing van die state.*

*To Louise van der Westhuizen who did the typing my sincerest appreciation. What an*

achievement for her, to do foreign subject  
matter in her second language.

Alle lof en eer aan God.

Die Skrywer.

## INHOUDSOPGAW

Bladsy

### HOOFSTUK I

|                                  |   |
|----------------------------------|---|
| 1. Inleiding en Probleemstelling | 1 |
| 2. Tekortkominge                 | 2 |
| 3. Afbakening                    | 5 |
| 4. Woordomskrywing               | 6 |

### HOOFSTUK II

|                                                                   |    |
|-------------------------------------------------------------------|----|
| <u>Rekeningkundige verhoudings</u>                                | 9  |
| 1. Bedryfsbates tot bedryfslaste                                  | 11 |
| 2. Vuurproefverhouding                                            | 15 |
| 3. Persentasie bedryfskapitaal<br>belê in voorraad                | 18 |
| 4. Omset tot voorraad                                             | 21 |
| 5. Debiteure-invorderingstermyn                                   | 23 |
| 6. Krediteurebetalingstermyn                                      | 25 |
| 7. Totale fondse uit besigheids-<br>bedrywighede tot totale laste | 26 |
| 8. Omset tot bedryfskapitaal                                      | 27 |
| 9. Die du Pont-driehoek                                           | 29 |
| 10. Langtermynlaste tot Bedryfs-<br>kapitaal                      | 31 |

HOOFSTUK III

|                                                                   |    |
|-------------------------------------------------------------------|----|
| <u>Vergelyking en Interpretasie</u>                               | 34 |
| 1. Bedryfsbates tot bedryfslaste                                  | 35 |
| 2. Vuurproefverhouding                                            | 36 |
| 3. Persentasie bedryfskapitaal<br>belê in voorraad                | 38 |
| 4. Omset tot voorraad                                             | 40 |
| 5. Debiteure-invorderingstermyn                                   | 42 |
| 6. Totale fondse uit besigheids-<br>bedrywighede tot totale laste | 44 |
| 7. Omset tot bedryfskapitaal                                      | 46 |
| 8. Die du Pont-driehoek                                           | 48 |
| 9. Langtermynlaste tot Bedryfs-<br>kapitaal                       | 50 |

HOOFSTUK IV

|                    |    |
|--------------------|----|
| <u>Samevatting</u> | 52 |
| 1. Eddels          | 52 |
| 2. Edworks         | 54 |
| 3. Natal Canvas    | 55 |

INHOUDSOPGAVE (Vervolg) Bladsy

4. Searles 56

5. Silv Tan 57

ENGLISH SUMMARY 60

BYLAES

Uittreksels uit state 64

Opsomming van resultate 75

Name en afkortings van maatskappye 81

Bibliografie 82

## HOOFSTUK 1

### 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Hierdie studie is gemotiveer deur die groot aantal likwidasies wat die afgelope tyd plaasgevind het. Reuse maatskappye, soos Glen Anil, het geval tydens die ekonomiese slaptes wat die land beleef het. Die meeste van hierdie maatskappye was nie as sulks insolvent nie, maar is gelikwideer omdat hulle nie hulle korttermynskulde kon vereffen nie.

Baie klem word geplaas op kostebesparings en kostebesnoeiings ten einde die swak finansiële posisie van ondernemings te verbeter. Dit help egter nie om die simptome te behandel terwyl die oorsaak van die probleem steeds bly voortbestaan nie. Om likiditeit weer reg te kry, is egter 'n tydsame proses en kan nie oornag gedoen word nie. Kostebesparings as 'n tydelike maatreef kan wel effektief toegepas word, maar langtermyn stabiliteit word slegs verkry deur 'n gesonde likiditeitsposisie.

Faul et al (p. 470) stel likiditeit as primêre doel saam met winsgewendheid as hulle sê:

"Hierdie doelwitte is die volgende:

- (1) om 'n bevredigende opbrengs op die fondse wat in die onderneming belê is te verdien en,
- (2) om in die proses 'n gesonde finansiële posisie te handhaaf."

Dit word aanvaar dat die ekonomiese siklus 'n siftingsproses is waardeur die kapitalistiese stelsel sorg vir 'n goeie balans. Nogtans is dit duidelik dat finansiële bestuur agterwêë gebly het tydens die ekonomiese bloeitydperk wat ons land beleef het. Dit kan ook gewyt word aan die feit dat geld maklik bekombaar was en niemand werklik bekommerd was oor die terugbetaling van korttermynskulde nie. Soms is nuwe skulde eenvoudig aangegaan om oues mee af te los.

## 2. TEKORTKOMINGE

- 2.1 'n Studie van hierdie aard gaan gebuk onder 'n paar tekortkominge waarvan die belang-

rikste sekerlik is dat gebruik gemaak word van gepubliseerde state wat slegs hoef te voldoen aan die minimum vereistes soos gestel in die Maatskappyewet (Nr. 61 van 1973 soos gewysig). Die state bevat nie altyd voldoende inligting nie en werk stremmend op enige gevolgtrekking waartoe geraak word. So byvoorbeeld is dit nie moontlik om die krediteure - betalingstermyn te bepaal nie aangesien kredietinkope nie beskikbaar is nie.

Hierdie probleem word wêreldwyd ondervind. In Suid-Afrika sê Faul et al (p. 468) - "Ongelukkig het die gebruik ..... ontstaan om te volstaan met die minimum statutêre inligting."

Uit die V.S.A. stel Helfert die vraag (p. 2): "What are the limitations of the tools themselves ..... ?"

In Australië sê Smith (p. 30): " ..... effective analysis of any accounting statement is conditioned by the limitations of the statement ...."

Uit Brittanje sê Jones (p. 582): "This calculation cannot, of course, be effected

from the annual accounts."

- 2.2 Verder word rekeningkundige inligting noodwendig monetêr weergegee en is dus beperk tot die inligting wat in geld meetbaar is.  
Wat van byvoorbeeld die waarde en vermoë van bestuur of die gesindheid van die publiek teenoor die onderneming of die waarde van die werknemers van die onderneming?  
Hierdie menslike faktore is nie maklik monetêr meetbaar nie, maar dat dit 'n invloed uitoefen op die waarde van 'n onderneming is nie te betwyfel nie.

H.J.S. Vorster (p. 218) stel dit: "dat die rekeningkundige verantwoording van die menslike hulpbronne in die gepubliseerde finansiële jaarstate van ondernemings inligting aan die gebruikers van hierdie state vir die neem van meer doelmatige besluite verskaf."

- 2.3 Hierdiemonetêre weergawe bring ook 'n ander probleem na vore naamlik die verandering in die koopkrag van geld. Dit is moontlik om alle waardes van die verskillende state

aan te suiwer na 'n standaardtyd. Norton en Smith het egter die volgende gevind: " Both General Price Level and Historical Cost ratios exhibited <sup>bevestig</sup> the ability to predict bankruptcy."

### 3. AFBAKENING

3.1 Vir die doel van hierdie studie is slegs van enkelstate gebruik gemaak. Gekonsolodeerde state is nie in ag geneem nie en enige invloed van groepsbesluite wat moontlik uit gekonsolideerde state mag blyk, is buite rekening gelaat. Dit beteken nie dat daar noodwendig sodanige invloed bestaan nie. Inteendeel, gekonsolideerde state kan 'n swak lid se bedrywighede verberg. Byvoorbeeld, die oortrokke bankrekening van een lid kan deur die batige saldo van 'n ander verberg word. 'n Ketting is tog net so sterk soos die swakste skakel.

3.2 Die vyf jaar periode 30 Junie 1973 tot 30 Junie 1977 word gedek ten einde bruikbare neigings te verkry. Vir Eddels (S.A.) Beperk kon die syfers vir 30 Junie 1973 egter nie van die Registrateur van Maatskappye verkry word nie.

3.3 Hierdie maatskappye word nie meer afsonderlik gelys op die Johannesburgse Effektebeurs nie, maar resorteer nou onder die afdeling: "Klere, skoene en tekstiel."

3.4 Hierdie groep maatskappye is gekies omdat 'n voorlopige ondersoek getoon het dat daar heelwat uiteenlopende resultate van die individuele maatskappye verwag kan word. So byvoorbeeld is die hoogste bedryfskapitaal-verhouding ongeveer 9 tot 1 en die laagste ongeveer 1,75 tot 1 terwyl die rekenkundige gemiddelde ongeveer 3 tot 1 is.

#### 4. WOORDOMSKRYWING

4.1 Die vraag ontstaan nou: Wat is likiditeit?

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek van Kritzinger, Labuschagne en Pienaar lui: "Vloeibaarheid, dadelike vereffenbaarheid."

Volgens Faul en andere (p. 474), dui die term: "Op die vermoë van 'n onderneming om sy lopende verpligtinge na te kom."

Smith (p. 106), stel dit as: "The capacity of a business to meet its current liabilities immediately or at short notice ....."

Likiditeit is dus die vermoë van 'n onderneming om sy korttermynskulde in geval van 'n finansiële krisis, op kort kennisgewing te kan nakom.

- 4.2 Korttermynskulde word algemeen aanvaar as die bedryfslaste op die balanstaat. Dit moet egter in gedagte gehou word dat 'n balansstaat slegs die resultaat op 'n vaste datum gee. Een van die belangrikste skulde wat nie daarop aangedui word nie, is lone en salarisse. Alhoewel lone en salarisse normaalweg op balansstaatdatum vereffen is, kan alle werkers nie summier op daardie datum afgedank word nie, want almal het gewoonlik 'n kennisgewingstyd in hulle dienskontrak.

Daar is ook nog ander items, maar hulle is uniek aan 'n sekere organisasie of soort organisasie. Voorbeelde hiervan is kontrakte met leweransiers, uitstaande bestellings,

internasionale kontrakte, ooreenkomste met  
ouditeursfirmas, ensovoorts.

- 4.3 Likiditeit beteken egter dat die kort- en lang-  
termynskulde betyds vereffen moet word en  
daarvoor is kontant nodig. Hierdie kontant  
moet egter uit die onderneming kan loskom  
sonder om die bedryfsresultate nadelig te be-  
invloed. Die belangrikste bron van kontant  
is die bedryfsbates. Alle bedryfsbates is  
egter nie ewe likied nie en verder is 'n sekere  
bedrag bedryfskapitaal nodig om die onder-  
neming aan die gang te hou. Die gevolg is  
dat daar baie klem gelê moet word op die  
analise van bedryfsbates en bedryfslaste.
- 4.4 Ten slotte is dit nodig om likiditeit te ver-  
gelyk met winsgewendheid. Dit gebeur dikwels  
dat 'n organisasie goeie winste maak, maar  
nie die nodige kontant het om dividende uit  
te betaal nie. Dit gebeur omdat likiditeit  
direk verband hou met kontantontvangstes en  
-uitbetalings terwyl wins (of netto inkomste)  
die positiewe resultaat is op die Inkomstestaat;  
dus die (verskil tussen inkomstes en uitgawes.)

## HOOSTUK II

### REKENINGKUNDIGE VERHOUDINGS

Die syfers in finansiële state word slegs kwantitatief weergegee en is as sulks nutteloos. 'n Wins van byvoorbeeld R100 000 is op sig self niksseggend. Indien die vorige jaar se wins R80 000 was, lyk dit asof daar verbeter is gedurende die huidige jaar. Veronderstel egter dat die fondse aangewend verdubbel het, dan is R80 000 se wins 'n beter prestasie as R100 000. Sinvolle analise is dus slegs moontlik indien die kwantitatiewe syfers verwerk word sodat verhoudings bepaal kan word waarmee die verlede beoordeel kan word en voorspellings vir die toekoms gemaak kan word. Dit kan gedoen word deur middel van interne en/of vergelykende analise.

Interne analise is die studie van die verhoudings tussen syfers, groepe syfers en berekende syfers in een stel finansiële state. Vergelykende analise is die bestudering van die neigings van die syfers, groepe syfers en berekende syfers in opeenvolgende state.

Foulke (p. 445) sê vergelykende analise is: "the study of the trend of the proportions (internal ratios) computed from these figures

as of the different dates." Die grootste voordeel van vergelykende analise stel Foulke (p. 445) as die feit "that it portrays the trends of particular features of a business enterprise and of the enterprise as a whole. [Therefore] it is reasonable to assume that unless some drastic changes take place in a business, it will continue to move in the same general direction as indicated by its comparative trends."

Dit moet egter baie duidelik gestel word dat: "it is not the ratio or ratios, ipso facto, that mean a business concern is out of line. The ratio is the symptom, like the blood pressure, the pulse or the temperature of an individual .... but the great unknown is always management." (Foulke p. 177)

Behalwe die interne en vergelykende analise word daar ook hedendaags van 'n wiskundige analise gebruik gemaak. Heelwat skrywers, onder andere George Foster, het publikasies hieroor die lig laat sien. Hierdie metode vereis egter 'n gespesialiseerde kennis van wiskunde en is ook nog nie bevredigend in

die praktyk bewys nie daarom is dit buite rekening gelaat in hierdie studie.

Die verhouding tussen syfers, groepe syfers en berekende syfers word verkry deur middel van erkende rekeningkundige verhoudings. Daarom word hierdie hoofstuk gewy aan 'n bespreking van rekeningkundige verhoudings wat in 'n likiditeitsanalise gebruik kan word.

## 1. BEDRYFSBATES TOT BEDRYFSLASTE

### 1.1 Hierdie verhouding word ook genoem die bedryfs-verhouding of bedryfskapitaalverhouding.

Faul et al (p. 474) noem dit ook die "vlottende verhouding." Dit word verkry deur die bedryfsbates tot bedryfslaste uit te druk as 'n syfer tot een. 'n Persentasie of geldwaarde kan ook gebruik word, maar is minder algemeen. Die verhouding toon die onderneming se vermoë om sy dag-tot-dag verpligtinge na te kom en word veral deur skuldeisers as belangrik beskou. Smith (p. 102) "Working capital is thus the amount of funds available.... to finance the day-to-day operations of a business."

Hierdie verhouding behoort groter as een te wees aangesien sommige bedryfsbates teen 'n stadiger tempo in kontant omgesit word as die tempo waarteen krediteure kontant eis. So byvoorbeeld kan die kredietterme van krediteure 60 dae wees terwyl debiteure 75 dae neem om hulle rekenings te betaal. Dit beteken egter nie dat 'n hoër verhouding 'n ideale toestand van sake is nie. Dit kan veroorsaak word deur swak kredietbeheer en/of 'n oormatige belegging in voorrade wat nie deur die onderneming se aktiwiteite geregverdig word nie.

Wyd algemeen word aanvaar dat 'n 2:1 verhouding omtrent reg is vir alle ondernemings aangesien dit toelaat vir 'n 50% afname tydens gedwonge likwidasierverkope.

J.C. Clendelin sê: "Traditionally a 2:1 ratio is said to be the dividing line between adequacy and inadequacy." So 'n vaste reël is egter nie altyd prakties toepasbaar nie. Smith (p. 106) sê: "The adequacy of working capital depends on the work which the working capital has to do .... the analyst should avoid the fallacy of using a rule-of-thumb standard such as the 2 to 1 current ratio."

- 1.2 Bedryfsbates word deur Smith (p. 103) omskryf as: "cash and other assets which are expected to be converted into cash in the ordinary course of business ...." Dit dien egter op gelet te word dat dit nie noodwendig alle kontant insluit nie aangesien daar soms internasionale kontantdeposito's bestaan wat nie vrylik beskikbaar is nie. Daarbenewens kan bedryfsbates meer insluit as die item "Bedryfsbates" op die balansstaat aangesien sommige beleggings en nie-vaste bates wel ingesluit kan word omdat dit op kort kennisgewing onttrek kan word. Vooruitbetaalde uitgawes word nie altyd ingesluit nie aangesien dit nie onder alle onstandighede in kontant omskepbaar is nie. Tog het dit die effek dat beskikbare kontant verminder en pro tanto die korttermynskulde daarom het dit wel 'n invloed op likiditeit.
- 1.3 Bedryfslaste omsluit normaalweg alle skulde wat binne 'n relatiewe kort periode betaalbaar is en omsluit krediteure, bankoortrekkings, wissels betaalbaar, voorsiening vir belasting, dividende, vooruit ontvangte inkomste en agterstallige uitgawes. Langhout (p. 10) sê:

"Current liabilities consist mainly of obligations arising during the normal course of business operations and debts which arise directly from business operations such as wages and salaries."

Bedryfslaste word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk beskou as alle skulde wat binne een jaar betaalbaar is, daarom sal alle langtermynlaste wat binne die komende jaar betaalbaar is, ingesluit moet word. Verder behoort voorgestelde dividende ook ingesluit te word as 'n bedryfslas.

- 1.4 Hierdie verhouding is natuurlik manipuleerbaar en as sulks onderhewig aan "window dressing." Uit die voorbeeld wat volg is dit duidelik dat die verhouding verbeter kan word deur so veel as moontlik van die bedryfslaste af te los net voor die balansstaatdatum. Die teen-oorgestelde effek kan verkry word deur voorraad op krediet aan te koop net voor die balansstaatdatum.

VOORBEELD (Langhout p. 37)

| <u>Bedryfsbates</u> | oerprontlik |        |        |
|---------------------|-------------|--------|--------|
|                     |             | ①      | ②      |
| Voorraad            | 10 000      | 10 000 | 15 000 |
| Debiteure           | 10 000      | 10 000 | 10 000 |
| Kontant             | 5 000       | -      | 5 000  |
| <u>Totaal</u>       | 25 000      | 20 000 | 30 000 |
| <u>Bedryfslaste</u> | 10 000      | 5 000  | 15 000 |
| Verhouding          | 2,5:1       | 4:1    | 2:1    |

① los 5000 van bedryfslas  
in kontant af  
② Koop 5000 se voorraad  
op krediet aan

2.

TUURPROEFVERHOUDING

2.1

Waar die benaming vandaan kom is nie baie duidelik nie, maar I Korintheërs 3:13 is 'n baie goeie oorsprong naamlik: "... en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is."

Dit word ook die likiede verhouding genoem en word verkry deur likiede bates tot bedryfs-laste uit te druk as 'n syfer tot een.

2.2

Likiede bates word deur Faul et al (p. 474) beskryf as "bedryfsbates minus voorraad". J.C. Clendelin (p. 311) beskryf dit as "a ratio of the most liquid current assets to current liabilities." N.S. Smith (p. 106) verfyn dit

nog verder deur te sê: "It is calculated by dividing the total of quick assets (that is those assets that can quickly be realized in an emergency) by the total of liabilities which may become immediately payable."

Likiede bates het dus baie meer om die lyf as slegs bedryfsbates minus voorraad. Voorraad word wel uitgesluit omdat dit nie op kort kennisgewing in kontant omgesit kan word nie en buitendien moet voorraad feitlik net so vinnig vervang word met die gevolg dat 'n sekere hoeveelheid "basisvoorraad" altyd beskikbaar is. Indien die voorraadomsetsnelheid egter baie hoog is, kan voorraad wel as 'n likiede bate beskou word. Daarenteen moet debiteure met 'n lang invorderingstermyn as illikied beskou word. Dit is wel so dat debiteure aan skuldinvorderingsburo's verkoop kan word, maar dan word slegs 'n persentasie van die totaal as prys getender. Dit is dus moontlik dat debiteure nie 'n likiede bate is nie. Termyndebiteure wat hulle rekenings in paalemente betaal moet in elk geval van die likiede bates geskei word. Enige beleggings wat vinnig gerealiseer kan word, moet weer

bygetel word.

Om 'n akkurate syfer vir likiede bates te bepaal kan dit ook nodig wees om die invloed van die voorsiening vir waardevermindering en oordrag na reserwes af te trek, want hierdie nie-kontant uitgawes word vir 'n spesifieke doel opsy gesit. Hierdie "bewering" kan egter nie blindelings aanvaar word nie omdat die vuurproefverhouding 'n toets is of die onderneming 'n finansiële krisis kan deurstaan al dan nie. Daarom moet die verhouding so sterk wees dat dit die vervanging van depresieerbare vaste bates kan oorleef.

- 2.3. Die gebruik van bedryfslaste in die verhouding is nie heeltemal korrek nie. Om Smith (p. 106) se definisie gedeeltelik te herhaal: "the total of liabilities which may become immediately payable."

Dit is noodsaaklik dat die skulde wat nie binnekort betaalbaar is nie, uitgesluit moet word. Dit sluit onder andere bankoortrekkings met 'n vaste reëling oor 'n langtermyn, ens. uit.

Skulde wat hernaue kan word of vervang kan word met ander moet ook uitgesluit word.

Daar is selfs gevalle waar die oortrokke bankrekening geheel en al uitgesluit word.

Vergelyk byvoorbeeld Smith (p. 107):

"... all current liabilities, excluding bank overdraft (which is regarded in Australia in many cases as a more or less permanent feature of financial structure)."

#### 2.4. 'n Verhouding van 1:1 word as ideaal gestel.

Faul et al (p. 482) sê " 'n Verhouding van 1:1 sou die minimum vereiste wees."

Dit moet egter beklemtoon word dat elke tipe besigheid sy eie unieke behoeftes het, daarom is dit nie moontlik om so 'n vaste reël soos 1 tot 1 te idealiseer nie.

Hierdie syfer is verder ook net so manipuleerbaar soos die verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste.

*nie gedoen*

#### 3. PERSENTASIE BEDRYFSKAPITAAL BELÊ IN VOORRAAD

##### 3.1. "The main use of working capital is to provide for book debts and stock in trade."

(Langhout p. 42) In hierdie verband is dit noodsaaklik om te bepaal watter persentasie

bedryfskapitaal belê is in voorraad veral omdat voorraad meer manipuleerbaar is as debiteure. Te veel bedryfskapitaal veroorsaak te veel kontant wat nie effektief belê word nie en dus die opbrengskoers op die totale kapitaal nadelig beïnvloed. Te min bedryfskapitaal het ook 'n definitiewe nadelige effek op die onderneming. Langhout (p. 42) noem die volgende:

- "1) The business may be exposed to the risk of forced liquidation in times of financial strain.
- 2) The objectives of the business may be frustrated through lack of funds.
- 3) The credit rating of the business may be influenced adversely.
- 4) Cash discounts offered for quick settlement of purchases may be lost.
- 5) Expensive hand-to-mouth buying of small uneconomical lots.
- 6) The dividend distribution policy may be adversely affected."

3.2 Voorraad verskil van ander bedryfsbates in drie belangrike aspekte, naamlik:

3.2.1. Voorraad is minder likied.

3.2.2. Die waardasie van voorraad is meer konser-  
watief.

3.2.3. Daar is 'n groter mate van "vasheid" in voor-  
raad omdat alle organisasies 'n sekere hoe-  
veelheid basisvoorraad moet dra. Voorraad  
beïnvloed ook twee opeenvolgende jare se state  
en het daarom 'n relatiewe langtermyn effek.  
Hierdie uniekheid van voorraad en die effek  
van fluktuasies in die voorraadwaardasie  
verduidelik ook baie keer die fluktuasies in  
die bedryfskapitaalverhouding. Juis om  
hierdie redes word voorraad ook uitgesluit by  
die bepaling van die vuurproefverhouding.

3.3. Die berekening behels dat voorraad uitgedruk  
moet word as 'n persentasie van die bedryfs-  
kapitaal. Om 'n basis neer te lê is baie  
moeilik. R.A. Foulke (p. 352) is van mening  
dat indien 'n vervaardiger of groothandelaar  
se aandeelhoudersbelang tussen \$50 000 en  
\$250 000 is, die voorraad nie meer as 75%  
van die bedryfskapitaal moet wees nie. Waar  
die aandeelhoudersbelang \$250 000 oorskry,  
moet die voorraad nie meer as die bedryfs-  
kapitaal wees nie. In 'n kleinhandel-

organisasie moet die voorraad nie die bedryfs-  
kapitaal oorskry indien die aandeelhouders-  
 belang meer as \$50 000 is nie.

#### 4. OMSET TOT VOORRAAD Voorraadomsetsnelheid

- 4.1 Die effektiewe administrasie van voorraad is  
 uiters belangrik vir elke onderneming omdat  
 voorraad nie 'n baie likiede bate is nie.  
 Die hou van verouderde of stadig bewegende  
 voorraad of die dra van te veel voorraad moet  
uitgeskakel word. Deur die voorraadomset-  
 snelheid (kosprys van verkope  $\div$  gemiddelde  
 voorraad) kan voorgenoemde probleme uitgewis  
 word. Kosprys van verkope word egter nie  
gepubliseer nie, daarom word omset gebruik.
- 4.2 Voorraad is egter 'n baie wye term en moet  
 duideliker omskryf word. Vir hierdie ver-  
 houding is dit nodig dat slegs die voorraad  
klaarprodukte geneem word aangesien omset  
ontstaan uit die verkoop van voorrade terwyl  
 die voorraad soos dit in die verhouding  
 gebruik word die voorraad moet aandui wat  
 nog verkoop gaan word.

In hierdie verhouding is die waardasie van voorraad uiters belangrik. Die algemene neiging is om kosprys of markwaarde, wat ook al die laagste is, te aanvaar. Die vraag ontstaan nou of die laagste van kosprys of markwaarde op die totale voorraad of op elke voorraaditem toegepas moet word?

R.A. Foulke (p. 303) stel die duidelik: "The most common practice is to apply the lower of cost of market rule separately to each item of the inventory."

Die bepaling van die kosprys hang baie af van die waardasiemetode wat gebruik word. Indien daar van verskillende waardasiemetodes gebruik gemaak word, is die resultate nie direk vergelykbaar nie. Gelukkig moet maatskappye die waardasiemetode in hulle state meld en ook wys op enige verandering wat mag ontstaan het as gevolg van die verandering van metode van voorraad waardasie.

Die volgende metodes is redelik algemeen:

- 4.2.1 Eerste-in-eerste-uit    FIFO
- 4.2.2 Laaste-in-eerste-uit    LIFO
- 4.2.3 Gemiddelde kosprys

4.2.4 Standaardkoste.

4.2.5 Basisvoorraadmetode.

4.3 Die belangrikheid van voorraad as bedryfsbete-  
beteken dat voorraadkontrolle noodsaaklik word.  
Die noodsaaklikheid vir behoorlike voorraad-  
kontrolle word deur R.A. Foulke (p. 310 en  
verder) as volg opgesom:

1. Verlies as gevolg van prysdaling.
2. Verlies as gevolg van uit gebruik raak.
3. Verlies as gevolg van veroudering.
4. Verlies as gevolg van aankoopooreenkomste  
wat nie gekanselleer kan word nie.

4.4 Om 'n standaard neer te lê is heeltemal  
onmoontlik. Hoe hoër die verhouding bo die  
gemiddelde is, hoe beter.

## 5. <sup>R</sup>DEBITEURE - INVORDEINGSTERMYN

5.1 Ondernemings bepaal gewoonlik vooraf, as  
algemene beleid, wat die kredietverlenings-  
tydperk moet wees. Om te kontroleer of daar  
by die beleid gehou is, kan die werklike  
resultaat vergelyk word met die voorafbepaalde  
standaard. Die werklike resultaat word  
verkry deur die formule:

Debiteure                      x    365  
Kredietverkope

Aangesien kredietverkope nooit gepubliseer word nie, word netto verkope gebruik indien beskikbaar. Verder word slegs van handelsdebiteure gebruik gemaak.

- 5.2        'n Ontleding van termyndebiteure kan 'n paar belangrike sake na vore bring. (vergelyk N. Smith, p. 111) Byvoorbeeld:
- 5.2.1     Paalemente betaalbaar na 12 maande behoort nie as bedryfsbates geklassifiseer te word nie.
- 5.2.2     Paalemente betaalbaar na 3 maande behoort nie as 'n likiede bate geklassifiseer te word nie.
- 5.2.3     Debiteure moet netto getoon word sonder ongerealiseerde rente of voorsiening vir oninbare skulde.
- 5.3        As standaard stel P.H. Walgenbach (p. 437) die volgende "rule of thumb:  $1\frac{1}{3}$  times the net credit period." R.A. Foulke (p. 386) ondersteun hierdie reël: "... no more than

one-third greater than the net selling terms..."

6. KREDITEUREBETALINGSTERMYN

- 6.1 Deur die voorgaande verhoudings het ons probeer bepaal of 'n onderneming sy bedryfsverpligtinge betyds kan nakom. Nou ontstaan die vraag: Doen hy dit?

Dit kan bepaal word deur die krediteurebetalingstermyen te vergelyk met die krediettydperk wat toegestaan is.

Die volgende formule word gebruik:

$$\frac{\text{Krediteure}}{\text{Kredietinkope}} \times 365$$

Aangesien kredietinkope of selfs netto inkope nie beskikbaar is nie, is dit nie moontlik om hierdie verhouding te bereken nie.

- 6.2 Faul (p. 476), gebruik koste van verkope in plaas van kredietinkope. Hulle verklaar dit as volg: "Die veronderstelling is dat koste van verkope gedeel deur 360 is gelyk aan gemiddelde kredietaankope per dag."

Daar word weer eens slegs van handelskrediteure gebruik gemaak net soos by die vorige verhouding oor debiteure. Termynkrediteure moet dus weggelaat word.

- 6.3. 'n Standaard van  $1\frac{1}{3}$  keer die netto terme kan ook hier as riglyn aanvaar word. Enige syfer groter as dit sal 'n diepte ondersoek vereis.

7. TOTALE FONDSE (UIT BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDEN) TOT  
TOTALE LASTE  
(D.G. Gouws: Klasnotas; P.U. vir C.H.O. 1977)

- 7.1 Die verhouding word verkry deur die totale fondse uit besigheidsbedrywighede, dit is die totaal van wins vir die jaar en waardevermindering en ander bedrae afgeskryf soos dit verskyn in die Staat van Bron en Aanwending van Fondse, uit te druk as 'n persentasie van totale laste. Totale laste omsluit langtermynlenings en skuldbriewe sowel as bedryfslaste. Hierdeur word bepaal hoeveel jaar dit vir 'n maatskappy sal neem om met sy fondse sy huidige totale verpligtinge af te los. - 'n persentasie van 20% dui 'n 5jaar tydperk aan.

7.2 In die moderne bankwese word soveel klem op hierdie verhouding geplaas dat daar beweer word dat die ineenstorting van 'n maatskappy tot 5 jaar vooruit voorspel kan word op grond van 'n drastiese en permanente daling van hierdie persentasie.

7.3 As standaard word gestel dat die verhouding redelik stabiel moet bly om gesond te wees. 'n Te hoë syfer dui daarop dat daar nie genoeg van vreemde kapitaal gebruik gemaak word nie. 'n Dalende neiging moet weer as 'n gevaarteken beskou word. Afwykinge is egter gevaarliker as 'n lae verhouding. Elke tipe besigheid sal sy eie riglyne hê.

## 8. OMSET TOT BEDRYFSKAPITAAL

8.1 Die verhouding word bereken deur die omset tot bedryfskapitaal uit te druk as 'n syfer tot een en word gebruik om te bepaal of daar enige oor- of onderbedryf bestaan. Indien die syfer baie hoog is beteken dit dat oorbedryf bestaan, tydelik of permanent. Dit beteken ook dat te veel fondse belê is in vaste of stadig-bewegende bates. Dit is dus nodig om

die omset te verminder of om meer kapitaal te belê en dit te gebruik as bedryfskapitaal. 'n Kenmerk van oorbiedryf is ook onnatuurlike groot bedryfslaste. Dit lei dan tot swak kredietwaardigheid en die verkryging van korttermynlenings raak onmoontlik. So 'n organisasie kan dan nie 'n finansiële krisis oorleef nie. 'n Te lae syfer dui op onderbedryf of dat te veel fondse in die onderneming belê is. Ondernemingsfondse word dus nie ten beste gebruik nie en die opbrengskoers van die onderneming word benadeel.

- 8.2 Om 'n algemene standaard neer te lê is onmoontlik. R.A. Foulke (p 436) het variasies tussen 22,25 vir Groothandelaars in vleis en 1,69 vir Kleinhandelaars in Meubels gekry. Sy vyf jaar gemiddelde in die vervaardiging van skoene is 5,06. Hy vind verder die volgende (p. 437): "This ratio tends to be high in those lines which handle a large volume of sales per investment on account of short terms of sale .... The ratio also tends to be high amongst those divisions of trade where the investment in fixed assets is the highest..."

9.

DIE DU PONT - DRIEHOEK

→ nie gedoen

9.1

Soos reeds telkemale tevore gesê, beïnvloed likiditeit, of die gebrek daaraan, die opbrengs koers van die onderneming. Om egter netto wins as 'n persentasie van kapitaal belê uit te druk, gee nie noodwendig 'n aanduiding van hoe effektief die kapitaal aangewend word nie. Langhout (p. 31) sê "one tends to ignore the importance of the fact that the faster the Capital Employed is turned over, the greater will be the rate of return on that Capital Employed." Smith (p. 126) praat ook van "the number of times the investment is earned over."

9.2

Om hierdie omsetting van Kapitaal aangewend te verkry, word die verhouding soos volg aangepas:

$$\text{Opbrengs} = \frac{\text{Wins}}{\text{Kapitaal}} = \frac{\text{Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{\text{Verkope}}{\text{Kapitaal}}$$

Die eerste element is die bekende Bruto-winspersentasie op omset. Die tweede element verteenwoordig die aantal kere wat Kapitaal aangewend omgesit word gedurende

die jaar. Daar word aanvaar dat die wins persentasie op Omset 'n te eng maatstaf is om effektiwiteit aan te meet. Smith (p. 126) stel dit as volg: "profit on sale is too narrow a criterion on which to judge performance. Some regard must be had for the volume of investment represented in the sales." Die volgende voorbeeld uit Smith (p. 126) stel dit duidelik:

| Maatskappye | <u>Wins</u><br><u>Verkope</u> | <u>Verkope</u><br><u>Kapitaal</u> | <u>Wins</u><br><u>Kapitaal</u> |
|-------------|-------------------------------|-----------------------------------|--------------------------------|
| A           | 10%                           | 1,5                               | 15%                            |
| B           | 7%                            | 2,5                               | 17,5%                          |

Maatskappy B, met 'n kleiner winsgrens, maak beter gebruik van sy kapitaal.

### 9.3

Die formule kan nou verder ontwikkel word deur die kapitaal aangewend, te verdeel in sy elemente bv.: vaste bates. bedryfsbates, ens. Sodoende kan die omsetsnelheid van elke element bepaal word. In hierdie studie word met kapitaal die Bedryfskapitaal bedoel ten einde toepaslik te wees. Hierdie formule moet dus saam met die vorige verhouding van "Omset tot Bedryfskapitaal" gebruik word.

## 10. LANGTERMYNLASTE TOT BEDRYFSKAPITAAL

10.1 'n Gesonde likiditeitsposisie moet voorsiening maak vir die aflossing van die langtermynlaste soos wat dit betaalbaar word. Dit beteken dat daar voldoende surplus bedryfskapitaal moet wees om die aflossing te finansier. Of dit wel moontlik is, kan bepaal word deur die persentasie langtermynlaste tot bedryfskapitaal.

10.2 Langtermynlaste word gewoonlik verseker deur vaste bates as sekuriteit te verpand terwyl die aflossing van die laste kan geskied deur jaarlikse trekking of in totaal op 'n vaste datum. Indien dit ten volle afgelos moet word op 'n vaste datum, moet voldoende surplus bedryfskapitaal beskikbaar wees anders moet die fondse verkry word deur nuwe lenings aan te gaan, beleggings te realiseer of selfs deur vaste bates te verkoop. Laasgenoemde kan natuurlik groot verleentheid skep.

Soms vereis spesiale voorwaardes in die verbandakte dat sekere verhoudings gehandhaaf moet word. Vergelyk byvoorbeeld

Foulke (p 258): "the debtor must maintain a certain minimum ratio of current assets to current liabilities, or a certain minimum ratio of funded debt to net working capital."

- 10.3 Die kombinasie van die verhouding langtermynlaste tot bedryfskapitaal en die bedryfskapitaalverhouding is duidelik. Die bedryfskapitaalverhouding toon die dekking wat bedryfsbates aan bedryfslaste gee. Die oorskot van die bedryfskapitaalverhouding kan dan onder andere aangewend word om langtermynlaste mee af te los.

Voorbeeld:

|                           |                  |
|---------------------------|------------------|
| Bedryfskapitaalverhouding | <u>2,6 tot 1</u> |
| Oorskot                   | <u>1,6</u>       |

Indien dit gekoppel word aan die verhouding totale laste tot bedryfskapitaal, kan 'n aanvaarbare verhouding van langtermynlaste tot bedryfskapitaal bepaal word. Maatskappye, soos N. Canvas, wat geen langtermynlaste het nie of wat relatief min langtermynlaste het, verloor weer die voordeel van die hefboomeffek wat nadelig inwerk op die winsgewendheid van die organisasie.

10.4 As maatstaf stel Foulke (p. 258) dit dat  
"rarely, if ever, should the aggregate of  
funded liabilities exceed the net working  
capital".

### HOOFSTUK III

#### VERGELYKING EN INTERPRETASIE

"Financial analysis is an art, and there are probably as many approaches to analysis of statements as there are analysts." (Walgenbach p. 417).

Nieteenstaande voorgaande aanhaling is die resultaat verkry uit die rekeningkundige verhoudings van weinig nut indien dit nie vergelyk word ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom nie. Sulke vergelykings kan gedoen word met die resultaat van dieselfde onderneming op vorige datums en/of met die resultaat van ander soortgelyke ondernemings op ooreenstemmende datums. Deur die vergelyking van alle ondernemings in dieselfde bedryfstak kan tendense bepaal word waaraan die resultaat van 'n onderneming gemeet word.

Vergelyking het dus van uiterste belang geword in die Rekeningkunde, soveel so dat Smith (p. 2) praat van "the art of comparison". In hierdie hoofstuk sal die toepaslike

rekeningkundige verhoudings wat wel uit die gepubliseerde state bereken kan word, vergelyk en geïnterpreteer word.

## 1. BEDRYFSKAPITAALVERHOUDING

Dit is bedryfsbates tot bedryfslaste en word aangegee as 'n syfer tot 1.

### 1.1 Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 2,93 tot 1 terwyl die hoogste verhouding N. Canvas was met 9,18 tot 1 in 1976. Die laagste verhouding was Searles met 1,37 tot 1 in 1975. Die rekenkundige gemiddeldes is uit verband geruk deur die hoë syfers van N. Canvas.

Byvoorbeeld:

| 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|------|------|------|------|------|------|
| 3,64 | 5,74 | 7,39 | 9,18 | 7,41 | 6,54 |

Edworks het ook redelike hoë syfers behaal met 'n laagste van 3,20 tot 1 in 1974 en 'n hoogste van 4,54 tot 1 in 1976.

## 1.2 Afleidings

Indien die buitengewone hoë syfers van N. Canvas buite rekening gelaat word is die rekenkundige gemiddelde 2,59 tot 1. 'n Verteenwoordigende gemiddelde blyk dus 2,5 tot een te wees. Maatskappye met 'n syfer veel laer as dit, het hoofsaaklik groot oortrokke bankrekenings gehad. Maatskappye met 'n baie groter syfer het min bedryfslaste gehad en het 'n toename in voorraad getoon.

## 1.3 Aanbeveling

'n Verhouding van bedryfsbates tot bedryfslaste tussen 2 tot 1 en 2,5 tot 1 kan as redelik beskou word. Maatskappye met 'n verhouding veel beter as dit mag vind dat hulle fondse het wat nie winsgewend aangewend is nie terwyl 'n laer verhouding mag lei tot 'n tekort aan kontantfondse.

## 2. VUURPROEFVERHOUDING

Die verhouding word bereken deur die bedryfsbates sonder voorraad te vergelyk met bedryfs-

laste en as 'n syfer tot een uit te druk.  
 Die voorraad (klaarprodukte) van Silv Tan  
 is ingetel by sy likiede bates omdat sy ver-  
 houding "Omset tot Voorraad (Klaarprodukte)"  
 so besonder hoog is.

## 2.1. Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 1,10 tot 1.  
 Die hoogste verhouding was N. Canvas met  
 4,82 tot 1 in 1976 en die laagste was  
 Searles met 0,46 tot 1 in 1975. Die ver-  
 houding varieer baie en ook nie altyd in ver-  
 houding met die Bedryfskapitaalverhouding nie.  
 So het Edworks byvoorbeeld die volgende  
 resultate gelewer:

### Bedryfskapitaalverhouding

| 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|------|------|------|------|------|------|
| 3,85 | 3,20 | 3,91 | 4,54 | 3,72 | 3,82 |

### Vuurproefverhouding

| 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|------|------|------|------|------|------|
| 1,12 | 0,70 | 0,53 | 0,99 | 0,88 | 0,83 |

## 2.2 Afleidings

Die rol wat voorraad speel in die samestelling van die bedryfskapitaal is duidelik as in ag geneem word dat die gemiddelde vuurproef-verhouding 1,10 tot 1 is. Voorraad behels dus meer as 100% van bedryfskapitaal. Dit is 'n gevaarlike situasie aangesien substituu produkte maklik die mark kan beïnvloed.

Daar is alreeds 'n hele mark vir kunsleer en plastiek. Hedendaags word selfs "denim" as 'n substituuat beskou vir leer.

## 2.3 Aanbeveling

'n Vuurproefverhouding van 1,10 tot 1 kan as verteenwoordigend beskou word. As die verhouding veel laer is, kan dit die maatskappy in finansiële verleentheid plaas terwyl 'n te hoë verhouding "idol funds" tot gevolg het.

## 3. PERSENTASIE BEDRYFSKAPITAAL BELÊ IN VOORRAAD

Die verhouding word verkry deur die voorraad uit te druk as 'n persentasie van bedryfs-

kapitaal.

### 3.1. Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 94,79%. Die hoogste persentasie is te kry by Searles met 236,04% in 1975 terwyl die laagste persentasie die van N. Canvas is met 28,88% in 1973. Beide syfers was egter buitengewoon, want die tweede hoogste persentasie was slegs 168,91% deur Searles in 1974 en die tweede laagste 53,37% deur N. Canvas in 1976.

### 3.2 Afleidings

Indien die twee uiterste persentasies buite rekening gelaat word, is die resultate redelik bestendig binne die maatskappye. Die persentasies was meesal rondom 100% wat in lyn is met R.A. Foulke (p.352) se aanbeveling. (Sien ook Hoofstuk II in hierdie werk.)

Hierdie persentasie is ook 'n aanduiding van die groot verskil tussen die bedryfskapitaalverhouding en die vuurproefverhouding.

So byvoorbeeld het Edworks in 1975 'n bedryfskapitaalverhouding van 3,91 tot 1 gehad wat binne die aanbeveling val, maar 'n vuurproefverhouding van slegs 0,53 tot 1. Die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad was 116,17%.

### 3.3 Aanbeveling

'n Verhouding van ongeveer 95% kan as redelik beskou word met die veronderstelling dat die bedryfskapitaalverhouding tussen 2 tot 1 en 2,5 tot 1 is.

### 4. OMSET TOT VOORRAAD

Die verhouding word verkry deur die omset tot voorraad (klaarprodukte) uit te druk as 'n syfer tot een om sodoende die voorraad-omsetsnelheid te bepaal. Daar is geen voorraad (klaarprodukte) vir Eddels nie en die omset-syfers vir N. Canvas word nie in die state aangegee nie. Om die syfer in tyd uit te druk moet dit gedeel word in 12 maande of 365 dae.

#### 4.1 Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 5,16 tot 1 (71 dae). Die laagste syfer is verkry deur Edworks in 1977 met 3,89 tot 1 (91 dae) terwyl die hoogste syfer behaal is deur Silv Tan in 1976 met 333,37 tot 1 (1,09 dae). Silv Tan het 'n gemiddelde van 119,02 (3,07 dae) daarom is sy voorraad (klaarprodukte) as 'n likiede bate beskou.

#### 4.2 Afleidings

Omdat Eddels geen voorraad (klaarprodukte) dra nie, kan aanvaar word dat hulle alle voorraad onmiddelik aan 'n ander lid van die groep lewer. Silv Tan se hoë omsetsnelheid dui op presies dieselfde resultaat, want albei maatskappye het relatief groot debiteure-rekenings.

'n Syfer kleiner as 5 tot 1 (75 dae) beteken dat voorraadomset stadig is. In hierdie verband sal dit Edworks loon om sy voorraadposisie te ondersoek aangesien daar 'n geleidelike verswakking in die syfers is.

#### 4.3 Aanbeveling

Vir maatskappye wat hulle eie voorraad dra behoort 'n verhouding van 5 tot 1 (75 dae) die mikpunt te wees. 'n Beter syfer is natuurlik aan te beveel omdat kapitaal belê in voorraad nie altyd die opbrengskoers gunstig beïnvloed nie.

#### 5. DEBITEURE TOT VERKOPE

Aangesien kredietverkope nie beskikbaar is nie, is gebruik gemaak van netto verkope ten einde die debiteure-invorderingstermyn te bepaal. Debiteure tot verkope is uitgedruk as 'n syfer tot een, maar kan maklik herlei word na dae deur bloot die syfer te vermenigvuldig met 365. Die verhouding kan nie vir N. Canvas bereken word nie omdat omsetsyfers nie gepubliseer word nie.

#### 5.1 Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 0,11 tot 1 (40 dae). Die hoogste syfer van 0,21 tot 1 (77 dae) is behaal deur Silv Tan in 1975 en

1976. Die laagste syfer van 0,03 (11 dae) is behaal deur Edworks in 1973.

## 5.2 Afleidings

Die meeste maatskappye het 'n proporsioneel vinniger styging getoon in debiteure as in omset met die gevolg dat die syfers deurgaans 'n stygende neiging getoon het tot 1976. Die 1977 syfers is weer laer as gevolg van 'n groter styging in omset. Indien Walgenbach (p. 437) se reël toegepas word naamlik: "<sup>1</sup>/<sub>3</sub> times the net credit period", dan is 'n verhouding van 0.11 tot 1 (40 dae) redelik en kan aanvaar word dat die krediettermyn 30 dae is. Die relatief hoë syfers van Silv Tan dui daarop dat daar moontlik termyndebiteure by die gewone handelsdebiteure ingesluit is.

## 5.3 Aanbeveling

'n Verhouding van 0,11 tot 1 (40 dae) blyk realisties te wees. Maatskappye met 'n groter verhouding sal hulle debiteure moet skei tussen termyndebiteure en handelsdebiteure. Indien daar geen termyndebiteure is nie, sal

'n roetine ondersoek dalk die probleem kristaliseer. In werklik ernstige gevalle sal 'n verouderingslys van debiteure noodsaaklik wees ten einde 'n diepte-ondersoek te loods. Alles hang natuurlik af van die maatskappy se kredietbeleid, 'n hoë syfer is nie noodwendig uit pas nie.

## 6. TOTALE FONDSE UIT BESIGHEIDSBEDRYWIGHED E TOT TOTALE LASTE

Syfers is eers vanaf 1974 beskikbaar uit gepubliseerde state aangesien die ou Maatskappywet nie 'n Staat van bron en aanwending van fondse vereis het nie. Ongelukkig word hierdie state nie met vergelykende syfers gepubliseer nie met die gevolg dat die verhouding nie vir alle maatskappye oor elke periode bereken kon word nie omdat daar in sekere gevalle van een stel state (met vergelykende syfers) vir twee opeenvolgende jare gebruik gemaak is.

### 6.1 Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 34,05% met 'n

hoogste persentasie van 190,53% deur N. Canvas in 1976. N. Canvas het egter geen langtermynlaste nie met die gevolg dat totale laste gelyk is aan bedryfslaste. Die laagste persentasie is 2,04% deur Eddels in 1975. Die syfers varieer baie tussen die verskillende maatskappye. Die rekenkundige gemiddelde per maatskappy lyk byvoorbeeld soos volg:

|           |         |
|-----------|---------|
| Eddels    | 4,31%   |
| Searles   | 8,26%   |
| Silv Tan  | 40,60%  |
| Edworks   | 47,58%  |
| N. Canvas | 170,98% |

## 6.2

Afleidings

Maatskappye met 'n syfer kleiner as 40% het of langtermynlaste met onnatuurlike langlooptye of hulle leun te swaar op vreemde kapitaal. Laasgenoemde moontlikheid is die waarskynlikste met die gevolg dat hierdie maatskappye 'n negatiewe hefboomeffek kan ondervind omdat hulle rentelas relatief te swaar word. Maatskappye met 'n hoë persentasie het min of geen langtermynlaste nie.

### 6.3 Aanbeveling

Indien die twee buitengewoon lae en die een buitengewoon hoë persentasie buite rekening gelaat word, blyk dit dat 'n syfer van 40% ( $2\frac{1}{2}$  jaar) die ideale toestand aandui tussen totale fondse uit besigheidsbedrywighede en totale laste.

## 7. OMSET TOT BEDRYFSKAPITAAL

Die verhouding word verkry deur die Omset tot Bedryfskapitaal uit te druk as 'n syfer tot een en word hier slegs gebruik om aan te dui of daar enige oor- of onder-bedryf bestaan. In die du Pont-driehoek sal die resultate weer gebruik word.

### 7.1 Resultate

Die rekenkundige gemiddelde is 3,46 tot 1 met 'n hoogste syfer van 8,19 tot 1 deur Searles in 1976 en 'n laagste van 2,72 tot 1 deur Edworks in 1976. Edworks se syfers was deurgaans baie laer as die ander maatskappye, maar Edworks se groter volume het veroorsaak

dat sy resultate nader aan die rekenkundige gemiddelde kom. Edworks alleen besit meer bedryfskapitaal as al die ander maatskappye gesamentlik en sy omset is ook meer as die ander se gesamentlike omset daarom het dit die resultate so drasties beïnvloed. Die rekenkundige gemiddelde sonder Edworks se syfers is 5,14 tot 1.

## 7.2 Afleidings

Die meeste maatskappye het deurgaans wisselvallig vertoon. Die uitsondering is Eddels wat 'n stygende neiging het en ook die hoogste gemiddelde van 5,11 tot 1 behaal het. Edworks sal moet waak teen onderbedryf terwyl Eddels en Silv Tan tekens van oorbedryf toon. Silv Tan se resultate mag dalk tydelik van aard wees, want die ander syfers is aanvaarbaar, maar Eddels sal beslis meer eienaarsfondse in bedryfskapitaal moet belê.

## 7.3 Aanbeveling

'n Verhouding van tussen 4 tot 1 en 5 tot 1 behoort die strewe te wees. 'n Hoër syfer

sal dui op oorbedryf terwyl 'n veel laer syfer onderbedryf aandui.

## 8. DIE DU PONT-DRIEHOEK

Deur die vorige verhouding van Omset tot Bedryfskapitaal saam met die persentasie Wins op Omset te gebruik kan die persentasie Wins tot Bedryfskapitaal bepaal word tesame met 'n ondersoek van die effektiewe gebruik van die kapitaal.

### 8.1 Resultate

Die gemiddelde Wins tot Omset is 5,77% met 'n gemiddelde Omset tot Bedryfskapitaal van 3,46 tot 1. Dit gee 'n gemiddelde Wins tot Bedryfskapitaal van 19,96%. Die swakste resultate is verkry deur Eddels in 1977 toe hulle Omset tot Bedryfskapitaal sy hoogste was, naamlik 6,14 tot 1, maar die Verlies tot Omset 2,69% was. Dit het 'n Verlies tot Bedryfskapitaal van 16,52% gelever. Edworks het die beste Wins tot Omset, naamlik 15,82% behaal in 1973, maar met 'n Omset tot Bedryfskapitaal van 3,01 tot 1 was die Wins tot

Bedryfskapitaal slegs 47,62%. Silw Tan het die beste algehele resultaat behaal in 1976 met 'n Wins tot Omset van 12,06% en 'n Omset tot Bedryfskapitaal van 4,98 tot 1. Dit het 'n Wins tot Bedryfskapitaal van 60,06% gelewer.

## 8.2 Afleidings

Dit blyk dat pryskompetisie en die kompetisie van substituuat produkte besig is om die persentasie Wins op Omset vinnig af te druk. Met die fluktuasies in die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal is daar dus 'n gevaarlike situasie in die persentasie Wins op Bedryfskapitaal aan die ontwikkel aangesien 'n maatskappy baie maklik 'n verlies kan toon. Bestendigheid wat prysbeleid betref en 'n strewe na die effektiiefste gebruik van Bedryfskapitaal is dus nodig.

## 8.3 Aanbeveling

Daar is reeds aanbeveel dat die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal tussen 4 tot 1 en 5 tot 1 behoort te wees. Die persentasie

Wins op Omset behoort ook tussen 5% en 8% te wees. Sodoende kan die persentasie Wins op Bedryfskapitaal op ten minste 20% gehou word.

## 9. LANGTERMYNLASTE TOT BEDRYFSKAPITAAL

Die verhouding word verkry deur die langtermynlaste uit te druk as 'n persentasie van die bedryfskapitaal. N. Canvas het geen langtermynlaste gehad gedurende die periode nie.

### 9.1 RESULTATE

Die rekenkundige gemiddelde is 29,59%. Indien die syfers van N. Canvas egter buite rekening gelaat word, is die rekenkundige gemiddelde 39,22%. Die hoogste persentasie van 170,97% is behaal deur Searles in 1973 terwyl die laagste persentasie, uitgesonderd N. Canvas se 0%, Silv Tan se 5,06% in 1973 was.

### 9.2 AFLEIDING

'n Interesante verskynsel is dat die persentasie gewoonlik toegeneem het indien die

langtermynlaste toeneem terwyl 'n daling in langtermynlaste 'n daling in die persentasie veroorsaak het. Dit dui daarop dat langtermynlenings uitsluitlik aangewend is om vaste bates aan te koop en nie gebruik is as bedryfskapitaal nie. Hieruit volg dat 'n tydelike hoë persentasie nie groot gevaar in hou nie aangesien die nuwe lenings voldoende tyd behoort te gee om die toestand onder beheer te kry. Eddels is die enigste maatskappy wat deurgaans 'n hoë persentasie gehandhaaf het met 'n gemiddelde van 84,50%. Daar is egter reeds aanbeveel dat hy meer eienaarsfondse in bedryfskapitaal moet belê wat dan die situasie sal normaliseer.

### 9.3 AANBEVELING

Die verhouding Langtermynlaste tot bedryfskapitaal behoort nie meer as 40% te wees nie. Dit is egter nie absoluut nie aangesien daar geen korrelasie tussen die syfers is nie .

## HOOFSTUK IV

### SAMEVATTING

In die vorige hoofstuk is die likiditeitsverhoudings wat uit gepubliseerde state bereken kan word, vergelyk, geïnterpreteer en aanbevelings gemaak. In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om alles te konsolideer deur die likiditeitsposisie van die individuele maatskappye aan die hand van die aanbevelings te beoordeel.

#### 1. EDDELS

- 1.1 Die Bedryfskapitaalverhouding toon die laagste gemiddelde verhouding (1,78 tot 1) van die maatskappye wat ondersoek is, tog is die Vuurproefverhouding gemiddeld 0,92 tot 1 met 'n stygende neiging. Dit is dus duidelik dat beskikbare fondse baie goed aangewend word. Die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal is redelik hoog en het 'n stygende neiging terwyl bedryfslaste ook hoog is. Langtermynlaste tot bedryfskapitaal is ook hoog. Dit is alles 'n aanduiding dat meer eienaarsbelang in bedryfskapitaal belê moet word.

- 1.2 Die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad was deurgaans hoog met die uitsondering van 1977. Laasgenoemde jaar se syfer is egter behaal deur 'n drastiese inkorting van voorraad. Dit is 'n gevaarlike situasie omdat die maatskappy uit voorraad kan raak met die gevolglike verlies aan klante en wins.
- 1.3 Die debiteure-invorderingstermyn van 0,15 tot 1 is effens stadiger as die aanbeveling en het ook 'n stygende neiging. 'n Roetine ondersoek mag dalk nodig wees.
- 1.4 Totale fondse uit besigheidsbedrywigheide tot totale laste is baie laag, waarskynlik as gevolg van 'n verkeerde prysbeleid, want die persentasie Wins tot Omset toon 'n verlies van gemiddeld 0,21% met die gevolg dat 'n hoë verhouding van Omset tot Bedryfskapitaal (wat dui op oorbedryf) nie die situasie kon red nie. Alles dui dus daarop dat meer eienaarsfondse in bedryfskapitaal belê moet word.

## 2. EDWORKS

- 2.1 Die Bedryfskapitaalverhouding was baie gunstig met 'n gemiddelde van 3,82 tot 1 nogtans is die vuurproefverhouding van gemiddeld 0,83 tot 1 nie bevredigend nie. Die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal is ook baie laag. Dit alles dui daarop dat onderbedryf die probleem kan wees.
- 2.2 Die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad is hoog terwyl die voorraadomsetsnelheid die laagste is van die maatskappye wat ondersoek is. Dit dui daarop dat "dooie voorraad" op hande is. Indien dit reggestel word, behoort die Vuurproefverhouding outomaties te verbeter.
- 2.3 Die debiteure-invorderingstermyn is die gunstigste van die maatskappye in die ondersoek. Daar is egter 'n stygende neiging wat dop gehou moet word.
- 2.4 Totale fondse uit besigheidsbedrywighede tot totale laste was goed, maar daal vinnig omdat albei elemente van die verhouding 'n negatiewe

neiging het. Die omsetting van bedryfskapitaal is stadiger as normaal en die persentasie wins tot omset is ook drasties besig om te daal. Die gevolg is dat die persentasie wins tot bedryfskapitaal baie vinnig afwaarts neig.

### 3. NATAL CANVAS

- 3.1 Die hoogste gemiddelde sowel as die hoogste individuele bedryfskapitaalverhouding en vuurproefverhouding is deur hierdie maatskappy behaal. Volgens die state is dit ook die enigste maatskappy wat nie van oortrokke fasiliteite gebruik gemaak het nie. Die gevaar bestaan egter dat daar te veel likiede fondse is wat nie effektief aangewend word nie met die gevolglike beperking van die maatskappy se winsgewendheid.
- 3.2 Die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad is buitengewoon gunstig en dui ook daarop dat daar likiede fondse bestaan wat ledig is.
- 3.3 Omsetsyfers is nie gepubliseer nie, maar slegs

die persentasie styging of daling met die gevolg dat die voorraadomset en die debiteureinvorderingstermyn nie bepaal kon word nie.

- 3.4 Totale fondse uit besigheids bedrywighede tot totale laste is uitermate hoog omdat daar geen langtermynlaste is nie en die bedryfslaste tot 'n minimum beperk is. Die du Pont-driehoek kon ook nie ontleed word nie, maar die persentasie wins op bedryfskapitaal het binne die aanbeveling geval.

#### 4. SEARLES

- 4.1 Hierdie maatskappy het in die geheel gesien die swakste presteer. Die bedryfskapitaalverhouding en die vuurproefverhouding was baie laag en het 'n dalende neiging getoon tot 1975. In 1976 het dit wonderbaarlik herstel met 'n daling in 1977. Die herstel in 1976 was te danke aan die onttrekking van alle beleggings en die drastiese inkorting van bedrae verskuldig deur houermaatskappye en mede-filiale. Die daling vanaf 1976 na 1977 is dus 'n gevaarteken. Daar is 'n bedrag van R10 000 as korttermynlening tussen

die bedryfsbates wat regdeur konstant gebly het en dus nie as 'n bedryfsbate beskou is nie.

- 4.2 Die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal is sedert 1976 laer as gewoonlik en die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad is uitermate hoog. Voorraadomsetsnelheid is binne perke van die aanbeveling.
- 4.3 Die debiteure-invorderingstermyn was deurgaans redelik en is sedert 1977 binne perke van die aanbeveling.
- 4.4 Totale fondse uit besigheidsbedrywighele tot totale laste is baie wisselvallig en ook heeltemal te laag. Wins tot omset is ook laag met 'n skerp dalende neiging. Gekoppel aan 'n relatief lae omset tot bedryfskapitaal lewer dit 'n kommerwekkende persentasie wins tot bedryfskapitaal.

## 5. SILV TAN

- 5.1 Die bedryfskapitaalverhouding is wel effens laag, maar die vuurproefverhouding is sedert

1975 heeltemal bevredigend. Beide verhoudings toon ook 'n geringe, maar konstante, afname sedert 1975 en behoort dopgehou te word. In 1977 was daar ook geen kontantfondse op hande nie. Die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal was deurgaans goed, maar toon 'n buitengewone styging in 1977 wat hopelik slegs tydelike oorbedryf aantoon.

5.2 Voorraadomsetsnelheid is uitermate hoog en is dus as 'n likiede bate aanvaar. Die persentasie bedryfskapitaal belê in voorraad is gunstig sedert 1975, maar toon 'n stygende neiging en behoort dopgehou te word.

5.3 Die debiteure-invorderingstermyn is die swakste van die maatskappye wat ondersoek is en behoort ernstige aandag te kry. 'n Verbetering hier sal moontlik die kontantposisie korrigeer.

5.4 Totale fondse uit besigheidsbedrywighede tot totale laste is bevredigend tot goed. Die persentasie wins tot omset daal egter vinnig van 1976 na 1977. Slegs die groot styging in die verhouding Omset tot Bedryfskapitaal

het voorkom dat die persentasie wins tot bedryfskapitaal onnatuurlik laag daal.

6. Ten slotte

Die gevoel mag dalk ontstaan dat te veel klem gelê word op die kontantfondse op hande en/of oortrokke banksaldo's. Dit moet egter in gedagte gehou word dat finale rekenings aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar opgestel word. As sake dus op hierdie datum ongunstig is, kan dit katastrofiese resultate gedurende die jaar lewer as gevolg van die seisoensgebondenheid van die bedryf.

## ENGLISH SUMMARY

AN ANALYSIS OF THE LIQUIDITY OF COMPANIES LISTED ON THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE UNDER THE HEADING SHOES AND LEATHER.

This study has been motivated by the large number of liquidations of companies during the past few years. These liquidations were not due to bankruptcy but rather to the fact that companies are unable to pay their short term debts.

Unfortunately a study of this kind is hampered by the lack of information available in published accounts prepared according to the minimum requirements of the Companies act (No. 61 of 1973).

The study only covers the analysis of single company accounts with the result that any group effects have been ignored.

In chapter two the calculation of the relevant ratios and their effects were discussed. The following ratios were covered:

1. Current ratio = Current assets to current liabilities.
2. Acid test ratio = Liquid assets to current liabilities.
3. Percentage working capital invested in stock.
4. Turnover to stock. (Finished products)
5. Debtors collection period =  $\frac{\text{Debtors} \times 365}{\text{Credit sales}}$
6. Creditors settlement period =  $\frac{\text{Creditors} \times 365}{\text{Credit purchases}}$   
(This ratio could not be calculated due to lack of information.)
7. Total funds from business activity to total liabilities.
8. Turnover to Working Capital.
9. The du Pont triangle:  
  

$$\text{Rate of return} = \frac{\text{Profit}}{\text{Capital}} = \frac{\text{Profit}}{\text{Sales}} \times \frac{\text{Sales}}{\text{Capital}}$$
10. Longterm liabilities to Working Capital.

In chapter three all the appropriate ratios which could be calculated from published accounts were analysed to determine trends and to make deductions and recommendations. The following general recommendations were made:

1. Current ratio between 2 to 1 and 2,5 to 1.
2. Acid test ratio of 1,10 to 1.
3. Percentage working capital invested in stock, 95%.
4. Stock turnover about 5 times per annum.
5. Debtors collection period 40 days.
6. Total funds from business activity to total liabilities, 40% seems possible.
7. Turnover to working capital about 4 to 5 times per annum.
8. Profit to turnover about 5% to 8%.
9. Profit to working capital between 20% and 40% seems possible.
10. Longterm liabilities to Working Capital not exceeding 40%.

In chapter four the liquidity position of each individual company was analysed with

the following highlights:

1. Eddels must invest more owners funds in working capital and revise its profit margin.
2. Edworks needs to pay more attention to stocks and keep an eye on debtors.
3. Natal Canvas seems to hold too much liquid funds unprofitably.
4. Searles needs more owners funds in working capital and a positive pricing method.
5. Silv Tan proved generally satisfactory.

UITTREKSELS UIT STATE

E D D E L S

|                                   | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-----------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| AANDEELHOERSBELANG                | -             | 2 335         | 2 180         | 2 361         | 2 089         |
| TOTALE LASTE                      | -             | 3 520         | 3 829         | 4 893         | 3 432         |
| NETTO WINS                        | -             | 167           | (155)         | 181           | (272)         |
| TOTALE FONDSE UIT<br>BEDRYWIGHEDE | -             | -             | 78            | 287           | 159           |
| OMSET                             | -             | 8 140         | 9 206         | 10 187        | 10 120        |
| VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)          | -             | -             | -             | -             | -             |
| LANGTERMYNLASTE                   | -             | 1 657         | 1 501         | 1 661         | 1 406         |

BEDRYFSKAPITAAL/...

# E D D E L S (Vervolg)

|                     | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|---------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BEDRYFSKAPITAAL     | -             | 1 770         | 1 918         | 2 031         | 1 648         |
| <u>Bedryfsbates</u> | -             | 3 633         | 4 246         | 5 263         | 3 674         |
| Voorraad            | -             | 2 051         | 2 151         | 2 368         | 1 534         |
| Debiteure           | -             | 1 090         | 1 266         | 1 668         | 1 528         |
| Belasting           | -             | -             | 11            | 11            | 11            |
| Medefiliale         | -             | 492           | 818           | 1 216         | 601           |
| <u>Bedryfslaste</u> | -             | 1 863         | 2 328         | 3 232         | 2 026         |
| Krediteure          | -             | 632           | 1 350         | 1 701         | 1 617         |
| Bankoortrekking     | -             | 41            | 31            | 812           | 273           |
| Lenings             | -             | 570           | 877           | 672           | 112           |
| Mede-maatskappye    | -             | 238           | 70            | 47            | 24            |
| Belasting           | -             | 12            | -             | -             | -             |

EDWORKS

|                                   | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-----------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| AANDEELHOERSBELANG                | 10 154        | 13 229        | 13 917        | 14 832        | 15 440        |
| TOTALE LASTE                      | 2 408         | 3 159         | 3 147         | 4 545         | 5 207         |
| NETTO WINS                        | 1 906         | 1 669         | 1 217         | 1 145         | 897           |
| TOTALE FONDSE UIT<br>BEDRYWIGHEDE | -             | 2 910         | 1 521         | 1 497         | 1 236         |
| OMSET                             | 12 047        | 14 360        | 17 813        | 18 827        | 19 723        |
| VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)          | 2 700         | 3 508         | 4 567         | 4 775         | 5 066         |
| LANTERMYNLASTE                    | 1 001         | 1 000         | 1 300         | 2 592         | 2 600         |

BEDRYFSKAPITAAL/...

E D W O R K S (Vervolg)

|                     | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|---------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BEDRYFSKAPITAAL     | 4 001         | 4 756         | 5 374         | 6 919         | 7 083         |
| <u>Bedryfsbates</u> | 5 404         | 6 915         | 7 221         | 8 872         | 9 690         |
| Voorraad            | 3 835         | 5 409         | 6 243         | 6 932         | 7 401         |
| Debiteure           | 390           | 894           | 996           | 1 276         | 1 489         |
| Kontant             | 1 179         | 612           | 12            | 664           | 800           |
| <u>Bedryfslaste</u> | 1 403         | 2 159         | 1 847         | 1 953         | 2 607         |
| Krediteure          | 852           | 1 260         | 889           | 950           | 1 770         |
| Bankoortrekking     | -             | -             | 608           | 773           | 636           |
| Belasting           | 207           | 549           | -             | -             | -             |
| Dividende           | 344           | 350           | 350           | 230           | 201           |

N. C A N V A S

|                                   | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-----------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| AANDEELHOUERSBELANG               | 6 752         | 7 097         | 7 945         | 8 333         | 8 807         |
| TOTALE LASTE                      | 562           | 481           | 455           | 433           | 561           |
| NETTO WINS                        | 655           | 604           | 1 108         | 648           | 733           |
| TOTALE FONDSE UIT<br>BEDRYWIGHEDE | -             | 845           | -             | 825           | 852           |
| OMSET                             | -             | -             | -             | -             | -             |
| VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)          | 287           | 1 090         | 1 418         | 1 310         | 1 521         |
| LANGTERMYNLASTE                   | 0             | 0             | 0             | 0             | 0             |

BEDRYFSKAPITAAL/...

N. C A N V A S (Vervolg)

|                     | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|---------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BEDRYFSKAPITAAL     | 1 482         | 2 279         | 2 906         | 3 543         | 3 596         |
| <u>Bedryfsbates</u> | 2 044         | 2 760         | 3 361         | 3 976         | 4 157         |
| Voorraad            | 428           | 1 611         | 1 955         | 1 891         | 2 252         |
| Debiteure           | 1 516         | 1 080         | 1 264         | 1 977         | 1 810         |
| Kontant             | 100           | 69            | 142           | 108           | 95            |
| <u>Bedryfslaste</u> | 562           | 481           | 455           | 433           | 561           |
| Krediteure          | 466           | 361           | 347           | 325           | 453           |
| Dividende           | 96            | 120           | 108           | 108           | 108           |

# S E A R L E S

|                                     | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-------------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BELEGGINGS                          | 45            | 46            | 46            | -             | -             |
| VERSKULDIG DEUR MEDEFILIALE         | 588           | 492           | 567           | 89            | 53            |
| AANDEELHOERSBELANG                  | 1 717         | 2 690         | 2 464         | 2 484         | 2 497         |
| TOTALE LASTE                        | 845           | 620           | 832           | 433           | 536           |
| NETTO WINS                          | 49            | 39            | 37            | 13            | 11            |
| TOTALE FONDSE UIT BEDRY-<br>WIGHEDE | -             | 62            | 47            | 47            | 44            |
| OMSET                               | 1 359         | 1 742         | 1 737         | 1 758         | 2 340         |
| VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)            | 237           | 366           | 290           | 322           | 318           |
| LANGTERMYNLASTE                     | 530           | 137           | 257           | 131           | 137           |

BEDRYFSKAPITAAL/... 71.

S E A R L E S (Vervolg)

|                               | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BEDRYFSKAPITAAL               | 310           | 357           | 222           | 578           | 599           |
| <u>Bedryfsbates</u>           | 625           | 840           | 797           | 880           | 998           |
| Voorraad                      | 448           | 603           | 524           | 579           | 711           |
| Debiteure                     | 161           | 212           | 231           | 264           | 250           |
| Eiendomsontwikkelingsuitgawes | -             | -             | 23            | 25            | 25            |
| Lenings                       | 10            | 10            | 10            | 10            | 10            |
| Kontant                       | 6             | 4             | 4             | 2             | 2             |
| Belasting                     | -             | 11            | 5             | -             | -             |
| <u>Bedryfslaste</u>           | 315           | 483           | 575           | 302           | 399           |
| Dividende                     | 15            | 19            | 19            | -             | -             |
| Krediteure                    | 160           | 281           | 384           | 302           | 399           |
| Bankoortrekking               | 124           | 183           | 172           | -             | -             |
| Belasting                     | 16            | -             | -             | -             | -             |

S I L V   T A N

|                                   | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|-----------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| AANDEELHOERSBELANG                | 1 094         | 1 289         | 1 408         | 1 909         | 2 128         |
| TOTALE LASTE                      | 861           | 904           | 1 046         | 1 535         | 1 513         |
| NETTO WINS                        | -             | 300           | 413           | 764           | 438           |
| TOTALE FONDSE UIT<br>BEDRYWIGHEDE | -             | -             | 481           | -             | 558           |
| OMSET                             | -             | 4 126         | 4 534         | 6 334         | 8 571         |
| VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)          | -             | 35            | 20            | 19            | 124           |
| LANGTERMYNLASTE                   | 31            | 95            | 203           | 195           | 208           |

BEDRYFSKAPITAAL/...

S I L V T A N (Vervolg)

|                     | 1973<br>R'000 | 1974<br>R'000 | 1975<br>R'000 | 1976<br>R'000 | 1977<br>R'000 |
|---------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| BEDRYFSKAPITAAL     | 613           | 809           | 975           | 1 273         | 1 211         |
| <u>Bedryfsbates</u> | 1 443         | 1 618         | 1 818         | 2 613         | 2 516         |
| Voorraad            | 791           | 847           | 614           | 1 001         | 1 095         |
| Debiteure           | 652           | 771           | 954           | 1 361         | 1 421         |
| Kontant             | -             | -             | 250           | 251           | -             |
| <u>Bedryfslaste</u> | 830           | 809           | 843           | 1 340         | 1 305         |
| Dividende           | 2             | 2             | 177           | 265           | 222           |
| Krediteure          | 377           | 636           | 545           | 981           | 853           |
| Bankoortrekking     | 351           | 171           | 121           | 94            | 211           |
| Belasting           | -             | -             | -             | -             | 14            |
| Lenings             | 100           | -             | -             | -             | -             |

OPSOMMING VAN RESULTATE

|                                                         | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|---------------------------------------------------------|------|------|------|------|------|------|
| <u>BEDRYFSBATES TOT BEDRYFSLASTE</u><br>(Syfer tot een) |      |      |      |      |      |      |
| EDDELS                                                  | -    | 1,95 | 1,82 | 1,63 | 1,81 | 1,78 |
| EDWORKS                                                 | 3,85 | 3,20 | 3,91 | 4,54 | 3,72 | 3,82 |
| N. CANVAS                                               | 3,64 | 5,74 | 7,39 | 9,18 | 7,41 | 6,54 |
| SEARLES                                                 | 1,98 | 1,72 | 1,37 | 2,88 | 2,48 | 1,97 |
| SILV TAN                                                | 1,74 | 2,00 | 2,16 | 1,95 | 1,93 | 1,95 |
| GEM.                                                    | 3,06 | 2,72 | 2,88 | 2,98 | 3,05 | 2,93 |

VUURPROEFVERHOUDING

(Syfer tot een)

|           |      |      |      |      |      |      |
|-----------|------|------|------|------|------|------|
| EDDELS    | -    | 0,85 | 0,90 | 0,90 | 1,06 | 0,92 |
| EDWORKS   | 1,12 | 0,70 | 0,53 | 0,99 | 0,88 | 0,83 |
| N. CANVAS | 2,88 | 2,39 | 3,09 | 4,82 | 3,40 | 3,27 |
| SEARLES   | 0,53 | 0,47 | 0,46 | 0,96 | 0,69 | 0,59 |
| SILV TAN  | 0,79 | 1,00 | 1,45 | 1,22 | 1,18 | 1,14 |
| GEM.      | 1,29 | 0,90 | 0,98 | 1,22 | 1,16 | 1,10 |

OPSOMMING VAN RESULTATE (Vervolg)

|                                                     | 1973    | 1974    | 1975    | 1976    | 1977    | GEM.    |
|-----------------------------------------------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|
| <u>PERSENTASIE BEDRYFSKAPITAAL BELÊ IN VOORRAAD</u> |         |         |         |         |         |         |
| EDDELS                                              | -       | 115,88% | 112,15% | 116,59% | 93,08%  | 110,00% |
| EDWORKS                                             | 95,85%  | 113,73% | 116,17% | 100,19% | 104,49% | 106,00% |
| N. CANVAS                                           | 28,88%  | 70,69%  | 67,27%  | 53,37%  | 62,63%  | 58,94%  |
| SEARLES                                             | 144,52% | 168,91% | 236,04% | 100,17% | 118,70% | 142,11% |
| SILV TAN                                            | 129,04% | 104,70% | 62,97%  | 78,63%  | 90,42%  | 89,08%  |
| GEM.                                                | 86,02%  | 105,62% | 100,90% | 89,10%  | 91,97%  | 94,79%  |

OMSET TOT VOORRAAD (KLAARPRODUKTE)  
 (Syfer tot een)

|           |      |        |        |        |       |        |
|-----------|------|--------|--------|--------|-------|--------|
| EDDELS    | -    | -      | -      | -      | -     | -      |
| EDWORKS   | 4,46 | 4,09   | 3,90   | 3,94   | 3,89  | 4,01   |
| N. CANVAS | -    | -      | -      | -      | -     | -      |
| SEARLES   | 5,73 | 4,76   | 5,99   | 5,46   | 7,63  | 5,83   |
| SILV TAN  | -    | 117,89 | 226,70 | 333,37 | 69,12 | 119,02 |
| GEM.      | 4,56 | 5,17   | 4,94   | 5,26   | 5,56  | 5,16   |

OPSOMMING VAN RESULTATE (Vervolg)

|                                               | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|-----------------------------------------------|------|------|------|------|------|------|
| <u>DEBITEURE TOT OMSET</u><br>(Syfer tot een) |      |      |      |      |      |      |
| EDDELS                                        | -    | 0,13 | 0,14 | 0,16 | 0,15 | 0,15 |
| EDWORKS                                       | 0,03 | 0,06 | 0,06 | 0,07 | 0,08 | 0,06 |
| N. CANVAS                                     | -    | -    | -    | -    | -    | -    |
| SEARLES                                       | 0,12 | 0,12 | 0,13 | 0,15 | 0,11 | 0,13 |
| SILV TAN                                      | -    | 0,19 | 0,21 | 0,21 | 0,17 | 0,19 |
| GEM.                                          | 0,04 | 0,10 | 0,10 | 0,12 | 0,12 | 0,11 |

TOTALE FONDSE UIT BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE TOT TOTALE LASTE

|           |   |         |        |         |         |         |
|-----------|---|---------|--------|---------|---------|---------|
| EDDELS    | - | -       | 2,04%  | 5,87%   | 4,63%   | 4,31%   |
| EDWORKS   | - | 92,12%  | 48,33% | 32,93%  | 23,74%  | 47,58%  |
| N. CANVAS | - | 175,68% | -      | 190,53% | 151,87% | 170,98% |
| SEARLES   | - | 10,00%  | 5,65%  | 10,85%  | 8,21%   | 8,26%   |
| SILV TAN  | - | -       | 45,95% | -       | 36,88%  | 40,60%  |
| GEM.      | - | 117,09% | 24,02% | 25,78%  | 25,33%  | 34,05%  |

OPSOMMING VAN RESULTATE (Vervolg)

|                                  | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | GEM. |
|----------------------------------|------|------|------|------|------|------|
| <u>OMSET TOT BEDRYFSKAPITAAL</u> |      |      |      |      |      |      |
| (Syfer tot een)                  |      |      |      |      |      |      |
| EDDELS                           | -    | 4,60 | 4,80 | 5,02 | 6,14 | 5,11 |
| EDWORKS                          | 3,01 | 3,02 | 3,31 | 2,72 | 2,78 | 2,94 |
| N. CANVAS                        | -    | -    | -    | -    | -    | -    |
| SEARLES                          | 4,53 | 5,02 | 8,19 | 3,10 | 3,97 | 4,43 |
| SILV TAN                         | -    | 5,10 | 4,65 | 4,98 | 7,08 | 4,83 |
| GEM.                             | 3,12 | 3,69 | 3,93 | 3,44 | 3,87 | 3,46 |

WINS TOT OMSET

|           |        |        |         |        |         |         |
|-----------|--------|--------|---------|--------|---------|---------|
| EDDELS    | -      | 2,05%  | (1,68%) | 1,78%  | (2,69%) | (0,21%) |
| EDWORKS   | 15,82% | 11,62% | 6,83%   | 6,08%  | 4,55%   | 8,26%   |
| N. CANVAS | -      | -      | -       | -      | -       | -       |
| SEARLES   | 3,61%  | 2,24%  | 2,13%   | 0,74%  | 0,47%   | 1,67%   |
| SILV TAN  | -      | 7,27%  | 9,11%   | 12,06% | 5,11%   | 8,13%   |
| GEM.      | 14,58% | 7,67%  | 4,54%   | 5,67%  | 2,64%   | 5,77%   |

OPSOMMING VAN RESULTATE (Vervolg)

|                                 | 1973   | 1974   | 1975    | 1976   | 1977     | GEM.    |
|---------------------------------|--------|--------|---------|--------|----------|---------|
| <u>WINS TOT BEDRYFSKAPITAAL</u> |        |        |         |        |          |         |
| EDDELS                          | -      | 9,43%  | (8,06%) | 8,94%  | (16,52%) | (1,07%) |
| EDWORKS                         | 47,62% | 35,09% | 22,61%  | 16,54% | 12,65%   | 24,28%  |
| N. CANVAS <sup>*</sup>          | 44,20% | 26,50% | 38,13%  | 18,29% | 20,38%   | 27,15%  |
| SEARLES                         | 16,35% | 11,24% | 17,44%  | 2,29%  | 1,87%    | 7,40%   |
| SILV TAN                        | -      | 37,08% | 42,36%  | 60,06% | 36,18%   | 39,27%  |
| GEM.                            | 45,49% | 28,30% | 17,84%  | 19,50% | 10,22%   | 19,96%  |

<sup>\*</sup> N. Canvas syfers slegs bygevoeg ter inligting omdat omset syfers nie beskikbaar is nie en ontleding dus onmoontlik maak.

OPSOMMING VAN RESULTATE (Vervolg)

|                                            | 1973    | 1974   | 1975    | 1976   | 1977   | GEM.   |
|--------------------------------------------|---------|--------|---------|--------|--------|--------|
| <u>LANGTERMYNLASTE TOT BEDRYFSKAPITAAL</u> |         |        |         |        |        |        |
| EDDELS                                     | -       | 93,62% | 78,26%  | 81,78% | 85,32% | 84,50% |
| EDWORKS                                    | 25,12%  | 21,03% | 24,19%  | 37,46% | 36,71% | 30,20% |
| N. CANVAS                                  | 0%      | 0%     | 0%      | 0%     | 0%     | 0%     |
| SEARLES                                    | 170,97% | 38,38% | 115,77% | 22,66% | 22,87% | 57,70% |
| SILV TAN                                   | 5,06%   | 11,74% | 20,82%  | 15,32% | 17,18% | 15,00% |
| GEM.                                       | 24,45%  | 28,97% | 28,62%  | 31,92% | 30,78% | 29,59% |

NAME EN AFKORTINGS VAN MAATSKAPPYE

- |    |                                              |           |
|----|----------------------------------------------|-----------|
| 1. | EDDELS (S.A.) BEPERK                         | EDDELS    |
| 2. | EDWORKS (1936) BEPERK                        | EDWORKS   |
| 3. | NATAL CANVAS RUBBER<br>MANUFACTURERS LIMITED | N. CANVAS |
| 4. | SEARLES BEPERK                               | SEARLES   |
| 5. | SILVERTON TANNERY BEPERK                     | SILV TAN  |

BIBLIOGRAFIE

1. CILLIERS J.A. 1967  
Inleiding tot ontleding en vertolking van  
finansiële state; 2de druk. Nasionale Handels-  
drukkery.
2. CLENDELIN J.C. 1950  
Introduction to investments; 4th edition.  
McGraw-Hill.
3. ELS J.H. 1978  
Beperkings op gekonsolideerde finansiële  
jaarstate. Die S.A. Geoktrooide Rekenmeester.  
Oktober 1978.
4. FAUL M.A. PISTORIUS C.W.I. & VAN VUUREN L.M.  
1974. Rekeningkunde: 'n Inleiding.  
Butterworths.
5. FOSTER G. 1978  
Financial statement analysis.  
Prentice Hall.

6. FOULKE R.A. 1968  
Practical financial statement analysis.  
McGraw-Hill.
7. HELFERT E.A. 1977  
Techniques of Financial analysis. 4th edition.  
R.D. Irwin.
8. JONES F.H. 1967  
Guide to company balance sheets and profit  
and loss accounts. 6th edition.  
W. Heffer & Sons.
9. KRITZINGER M.S.B., LABUSCHAGNE F.J. &  
PIENAAR P. DE V. 1972  
Verklarende Afrikaanse woordeboek; 6de uitgawe.  
van Schaik.
10. LANGHOUT J. 1968  
Analysis and interpretation of accounts.  
S.A. Universities Press.

11. NORTON C.L. and SMITH R.E.

A comparison of General Price Level and Historical Cost Financial Statements in the prediction of bankruptcy. The Accounting Review. Vol. LIV. No. 1 January 1979.

12. SMITH N. 1977

Fitzgerald's analysis and interpretation of financial statements  
Butterworths.

13. TUCKER S.A. 1961

Successful managerial control by ratio analysis.  
McGraw-Hill.

14. VORSTER H.J.S. 1977

Die wenslikheid van die Rekeningkundige verantwoording van menslike hulpbronne in die gepubliseerde jaarstate van ondernemings.  
Proefskrif. P.U. vir C.H.O.

15. WALGENBACH P.H. en DITTRICH N.E. 1973

Accounting an introduction.  
Harcourt Brace.